



PREEKROOSTER JANUARIE

Datum	Tipe idioom	Tyd	Prediker	Bywoning in auditorium	Bywoning in saal
16 Januarie	Kontemporêr	08:30	Rassie Smit	335	100
23 Januarie	Kontemporêr	08:30	Peet Vermeulen	335	100
30 Januarie Nagmaal Bring eie brood/wyn of maak gebruik van wat voorsien word	Kontemporêr	08:30	Peet Vermeulen	335	100

Geen bespreking is nodig nie.

By die hoofingang van die kerkgebou ontvang lidmate 'n nommer.
Sodra die auditorium van die kerk voltallig is, word lidmate na die saal verwys.

Saniteer by die hoofingang. Geen masker - geen toegang.

Lidmate wat in saal sit moet asb. die glasdeure gebruik om die saal te verlaat
sodat daar nie 'n opeenhoping in die portaal plaasvind nie.

Inry erediens

LIDMATE KAN NOU
REGSTREEKS NA DIE 08:30
EREDIENS **LUISTER** IN HUL
MOTOR OP DIE KERKTERREIN.

STEL JOU RADIO OP 108.0MHZ FM

Covid regulasies geld (dra van masker,
handhaaf sosiale afstand, sanitasie).

WAPADRANT GEMEENTE
EREDIENSTE

08:30 Erediens

"Facebook"

https://www.facebook.com/gkwapadrant/videos/?ref=page_internal

"YouTube"

<https://www.youtube.com/channel/UCb3hrnMcAH83-6mloVeZC2g>

NEEM ASB KENNIS

SONDAG 16 JANUARIE

- **Koffie en tee** is na erediens beskikbaar.
- Seniorbediening verkoop **roomys** – ondersteun hul asb.
- Die gemeente se **kalender vir 2022** is beskikbaar by <http://www.wapadrant.co.za/neem-kennis.html> en heel moontlik Sondag ook in gedrukte vorm beskikbaar in portaal teen R20 per eksemplaar.
- Fokusjaarbekendstellings wat vandag sou plaasvind is uitgestel tot latere kennisgewing.

SONDAG 23 JANUARIE

JACO KRUGER SE AFSKEID

Soos almal bewus is het Jaco Kruger einde Desember 2021 bedank as predikant by Wapadrant gemeente.

Ons wil graag van hom en sy familie behoorlik afskeid neem en dankie sê.

Lidmate word versoek om asseblief volgende week 'n **soet of sout bordjie eetgoed wat met die hand geëet** kan word, saam te bring (geen koeke of terte).

Bring dit asb in 'n **wegdoenbare houer**, sodat dit weggegooi kan word nadat dit op die tafels uitgepak is.

- **Bloedbank** is by kerkterrein vanaf 08:30 – 12:30. Skenk asb bloed – hul het 'n groot tekort!
- **Jeugbediening** – sien berigte onder.

SONDAG 30 JANUARIE

Die KENMEKAAR geleentheid is die geleentheid waartydens ek en jy – die “ou” lidmate – ons “nuwe intrekkeers” verwelkom om hulle tuis te laat voel binne ons Wapadrant familie. Die nuwe lidmate wat die afgelope twee (2) jaar by ons aangesluit het, se name verskyn op die kennisgewingbord in die saal. Nooi iemand vir 'n ligte ete, koffie, tee of selfs 'n roomys na afloop van die diens hier op die terrein. So bewys ons ons Stadsbouerskap deur gasvryheid aan hulle te betoon (Romeine 12:13).

WOENSDAE 05:30

Manne Bybelstudie vind elke Woensdag om 05:30 plaas by die kerkgebou. Kom woon dit gerus by. Navrae by Peet Vermeulen.

VROU BYBELSTUDIE

Die Vroue Bybelstudie wat gewoonlik Dinsdae plaasgevind het, gaan nie meer voort. Skakel asb in by die Senior Bybelstudie wat Dinsdae om 09:00 plaasvind.

LIEF EN LEED

Ons doen voorbidding vir:

- Bertie de Waal ondergaan môre 'n heupoperasie.
- Nic J van Rensburg wie se vrou Marietjie op 22 Desember oorlede is. Dis ook die moeder van Marilette Maritz.
- Almal wie se gesondheid nie na wense is nie.

Ons is dankbaar:

- Om te berig dat die bakkie wat verlede Sondag by die kerkterrein gesteel is, reeds dieselfde middag opgespoor is.

JEUGBEDIENING 2022



Kerk, Koffie & krispy Cream donuts

Sondag 16 Januarie 2022 om 9:30 in die amfi

Wil jy 'n jeugleier wees hierdie jaar?

Kom kuier saam na kerk en geniet 'n donut en koffie!

Sien jou daar!!!

WAPADRANT

Jeugbediening skop af

23 & 30 JANUARIE OM 9:30

Nuwe lidmate kom registreer julle kinders & ou lidmate kom kontroleer julle kinders se besonderhede in die vierkant na die Erediens.

Wees saam met ons opgewonde oor die Jeugbediening van 2022.



WAPADRANT SE
JEUGBEDIENING
SKOP AF!

6 FEBRUARIE 2022

**Sien julle 9:30 in die vierkant
Moenie jou masker vergeet nie!**



Kontak Errol Mears vir meer inligting
jeug@gkwapadrant.co.za

**2022 se Inskrywingsvorm vir nuwe lidmate se kinders is beskikbaar by
<http://www.wapadrant.co.za/jeug--en-gesinsbediening.html>**

ORREL ONDER KONSTRUKSIE

Die Kerkraad vra almal se geduld in hierdie tyd van ongerief en ontwrigting. Die moederskamer (vanuit die saal) is ongelukkig nie bruikbaar tot einde Februarie 2022 aangesien dit dien as stoorkamer vir onderdele tydens die herstel van die orrel. Maak gerus gebruik van die konsistorie.

SAAMTREK 5 MAART 2022

Dames (lidmate en lidmate se vriendinne/familie) word uitgenooi na die jaarlikse Saamtrek op 5 Maart . Hierdie jaar se Saamtrek (voorheen genoem Sustersaamtrek) het 'n nuwe blaadjie omgeslaan. Wapadrant Gemeente en Centurion Gemeente bied die Saamtrek gesamentlik op dieselfde dag aan. Dames kan dus 'n keuse maak waar hul dit wil bywoon.

Alles gebeur soos in die program
uiteengesit,
behalwe dat die 2 sprekers
lokale ruil
(maw spreker tree by
elke lokaal op maar
tydgleuf verskil).

Bespreking word gedoen by
<https://myathletics.co.za/saamtrek/>

Indien jy hulp benodig met
bespreking besoek asb die
kerkkantoor gedurende die week
voor 14:00.



The poster features a festive banner at the top with colorful triangular flags. The main title 'Saamtrek 2022' is written in a large, red, cursive font, with '2022' in a bold, green, sans-serif font. Below this, '5 MAART' is written in a large, purple, sans-serif font. The venue 'GEREFORMEERDE KERK WAPADRANT' is listed in a smaller, green, sans-serif font. A green chalkboard with the word 'Hoop' written in white cursive is positioned to the left of the program list. The program list is in a red, cursive font and includes the following items:

Time	Activity
09:00 - 09:30	Aankoms
09:30 - 10:00	Verwelkoming en opening
10:00 - 10:45	Amore Bekker
10:45 - 11:00	Sang
11:00 - 11:30	Tee & versnapering
11:30 - 12:15	Gustav Gous
12:15 - 12:20	Litnodiging na Saamtrek 2023
12:20 - 12:30	Afsluiting
12:30	Middagete en saam kuier

The bottom of the poster is decorated with a red and white striped awning, a green cart, and several colorful flowers in shades of red, orange, and blue.

**Ons benodig egter heelwat helpers om van die dag
'n groot sukses te maak.**

Hulp word onder andere benodig vir die volgende:

Versiering van badkamers, bedien van tee/koffie om 11:00, versiering van tafels, sny van vlaggies, verf van blikkies, plant van plantjies in blikkies, vetplant-steggies, versiering van bottels, verpak van etebewys, ens.

Hoe meer hande, hoe minder werk vir elkeen.

Skrif asb jou naam op die lys wat aangebly is op die SAAMTREK 2022-kennissgewingbord in die saal sodat daar 'n takie aan jou toegewys kan word (of maak jou eie keuse waar jy behulpsaam wil wees).

SNY VAN VLAGGIES

Patroon van vlaggie is beskikbaar in saal. Gebruik enige gekleurde lap en sny soveel as wat jy kan baasraak. Indien jy net lap het om te skenk, plaas asb in die houer wat daarvoor voorsien word.

LEë, SKOON BLIKKIES EN BOTTELS

Ons benodig 80 leë Douwe Egberts-koffiebottels asook 80 skoon, leë tuna-blikkies en 80 skoon, leë 385g-blikkies (soos 'n kondensmelkblikkie). Plaas dit asb in die saal by die SAAMTREK-kennisgewingbord.

Navrae kan gerig word aan Riana by 083 324 1005 of Helena by 012 991 1395 /
kantoor@gkwapadrant.co.za

SUNRISE NPO

DRINGENDE NASKOOL KOSMAAK VRYWILLIGERS WORD BENODIG!

KRUIDENIERS SAL VOORSIEN WORD

**KONTAK:
DELENE
082 776 9868**



PLEK VAN VEILIGHEID – **BEPLANNINGSGROEP!**

In ons werk van 8 jaar by die Trauma Ondersteuning Sentrum (Garsfontein SAPS) kom ons daaglik groot uitdagings tegemoed!

Ons het besluit om te fokus op die moontlikheid van 'n Plek van Veiligheid in die Ooste. **Die behoefte aan veilige tydelike verblyf vir vroue en kinders tot en met 18 jaar, is baie groot.** Ons benodig jou passie en idees om te help beplan aan die moontlikheid van so 'n plek in ons omgewing. **Laat weet asb. so gou moontlik as jy wil deel word van ons dinkskrum, sodat ons vroeg in Januarie reeds bymekaar kan kom.**



Help ons om Jesus se hande en voete te wees in ons gebroke wêreld!

Collette Nienaber-Nel: 079 392 1100

#sonderjousouditniemoontlikwees
#alltheglorytoGod



Met groot waardering
wil ons **BAIE DANKIE** se
aan elke gemeentelid
vir alle donasies in
2021.

RISEUP se totale verkope
was R29 913.00

**Hou asb aan om jul goedere
aan die RiseUp Charity Store te
skenk.**

(klere, goedere, ens)

Kontak Zanelda by

082 364 2196